



Potjiemaniere

Is dit tyd?

- Die sukses van goeie potjiemaniere hang af van die emosionele ontwikkeling, fisieke ontwikkeling, ontwikkelings- en gedragsmypale, en nie net ouderdom nie.
- Sommige kinders toon tekens dat hulle gereed is vir potjiegebruik tussen die ouderdomme van 18 en 24 maande.
- Maar sommige is dalk nie gereed voordat hulle 3 jaar oud is nie.
- Daar is geen haas nie. As jy te vroeg begin, kan dit dalk langer neem om jou kindjie ten volle op 'n potjie te kry.

Op julle merke gereed gaan!

Wanneer dit tyd is om te begin met blaasbeheer en potjiemaniere, implimenteer 'n roetine:

- Gaan dadelik toilet toe wanneer die kindjie na 'n middagslapie wakker word.
- Neem jou kindjie elke uur toilet toe, net om hom / haar bewus te maak van die toilet.
- Laat jou kind vir ten minste 10 minute sit.
- Neem jou kindjie 15 minute nadat hy/sy vloeistowwe gedrink het, toilet toe.
- As daar na 2 weke geen belangstelling is nie, of die kind te emosioneel is, moet potjie- vir 30 dae gestaak word.

Is jou kind gereed? Vra jouself:


- Kan hy of sy toilet toe loop en daarop sit?
- Kan jou kind sy of haar broek aftrek en weer optrek?
- Kan jou kind tot twee uur lank droog bly? • Kan jou kind basiese instruksies verstaan en volg?
- Kan jou kind sy of haar behoeftes kommunikeer?
- Lyk dit of jou kind belangstel om die toilet te gebruik of "grootkind"- onderklere te dra?

Ongelukke sal gebeur: Hoe om ongelukke te hanteer –

- Dit is belangrik om kalm te bly.
- Moenie jou kind skel, dissipleneer of beskaam nie. Jy kan dalk sê: "Jy het hierdie keer vergeet. Volgende keer sal jy gouer badkamer toe gaan."
- Wees voorbereid en hou altyd 'n ekstra stelletjie onderklere en klere byderhand

Wat om te pak:

X5 pull-ups/doeke
X5 ekstra stelletjies klere – broekies & hempies
X5 ekstra onderkleertjies



Wenk van die dag

- Bly eerder die eerste naweek van potjie-opleiding by die huis. Kort uitstappies sal beter wees.
- Laat kleuter toe om sonder onderklere of doeke te loop (dit laat kleuter daaraan gewoond raak om sonder 'n doek te loop)